

# HEALTHSciNews

ISSUE 1 • JULY 2009

**NUUSBRIEF VAN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSAPPE**

**NEWSLETTER OF THE FACULTY OF HEALTH SCIENCES** • Tel: 051-405 3017 • Fax: 051: 444-3103

WHERE **HEALTH** IS  
NOT JUST A WORD,  
BUT A **PASSION!**

## INHOUD • CONTENTS

SCHOOL OF NURSING RECEIVES  
R16 MILLION - 1

HOOF VAN SKOOL HERKIES TOT RAAD - 2

ANESTESIOLOË BYEEN OP WÊRELD-  
KONGRES - 2

DEPARTMENT HOSTS ROMANIAN  
ACADEMICS - 2

ECDC OPLEIDING VIR ARBEIDSTERAPIE  
DOSENTE - 2

MEDIESE STUDENTE GEE VOORLIGTING AAN  
SKOLE - 3

BAANBREKERSNAVORSING VIR DIE  
BEVORDERING VAN GESONDHEID IN DIE  
VRYSTAAT - 3

'N NUWE BEGIN... - 4

INFORMATION CENTRE  
OFFERS VARIETY OF  
SERVICES - 4

EVERY PICTURE  
TELLS A STORY... - 5

KLEISPEEL BY  
WILLIAMSVILLE LAERSKOOL - 6



## SCHOOL OF NURSING RECEIVES R16 MILLION



*At the UNEDSA reward ceremony from left: Prof T Khanyile (University of the Western Cape); Prof Anita van der Merwe (Head: School of Nursing - UFS); Dr L Maree (Tswane); Dr EM Yako (Fort Hare).*

**T**he School of Nursing received a staggering R16 million injection from the Atlantic Philanthropies – an International philanthropic foundation which strongly focuses on community wellbeing and health care.

Part of the money will be used to establish a unique virtual health learning facility on the main campus of the University of the Free State.

“The key objective is to build a facility with state-of-the-art equipment, including software, hardware, a range of manikins and human simulators”, says Prof. Anita van der Merwe, Head of the School of Nursing.

The purpose is to integrate teaching and learning in a relatively flexible social space.

The facility, which will accommodate approximately 80 students in an informal teaching and learning environment, is expected to be completed by November 2009.

1



## HOOF VAN SKOOL HERKIES TOT RAAD

**P**rof. Gert van Zyl, Hoof van die Skool vir Geneeskunde is vir 'n vyfde agtereenvolgende driejaartermyn verkies tot die Raad van COHSASA (Raad van Gesondheidsorg Akkreditasie in Suid Afrika.)

COHSASA bestaan uit kundiges in die gesondheidsbedryf, verteenwoordigers van die pasiënte, verbruikers en gesondheidsorginstansies in plaaslike owerhede.

Die Raad help 'n verskeidenheid gesondheidsorg-fasiliteite om aan gehaltestandaarde te voldoen en dit in stand te hou. Prof. Van Zyl sê die raad is die enigste van sy soort in Suid-Afrika wat ook

internasionale erkenning geniet en beide privaat- en publieke hospitale akkrediteer vir gehalte en standarde.

Werkzaamhede van die Raad sluit onder meer die evaluering van veilige pasiëntsorg en praktyke in. "Om op die Raad te dien beteken dat 'n senior akademiese lid binne die Fakulteit Gesondheidswetenskappe erkenning kry vir kennis, status en vaardigheid op die gebied van gehalteversekering in gesondheidsorg, en dit verleen ook Internasionale status aan die Fakulteit," sê prof. Van Zyl.



## DEPARTMENT HOSTS ROMANIAN ACADEMICS

**T**he Department of Medical Physics hosted a group of academics from Romania during March.

Professor Charles Herbst and Dr William Rae are working on a joint project entitled MAMA ROSA.

This project is part of a larger local project which is aiming at implementing a computer-aided diagnosis programme which is being designed within the Department of Medical Physics.

The stimulus created as a result of this collaboration has resulted in the continuation of this project for at least the next four years. The Departments of Mathematics, Applied Mathematics and Radiology on the campus of the Free State have grown as a result of this collaboration.




*Dr William Rae, with the Romanian Research Team, Prof Chirvase and Prof Caramihai, on arrival in SA.*

## ECDC OPLEIDING VIR ARBEIDSTERAPIE DOSENTE

Dosente van die Departement Arbeidsterapie aan die Universiteit van die Vrystaat het gedurende Maart 2009 opleiding ontvang in die gebruik en administrasie van die ECDC-toets. (Early Childhood Developmental Criteria) toets.

Dr. Ingrid Herbst, samesteller van die toets en ook 'n oud-Kovsie, het die kursus aangebied wat uit beide teoretiese en praktiese opleiding bestaan het.

Elke dosent wat die kursus bygewoon het, het die geleentheid gekry om 'n kind in die teenwoordigheid van Dr. Herbst te toets, waarna die interpretasie van toetsresultate ook bespreek is.



## MEDIESE STUDENTE GEE VOORLIGTING AAN SKOLE

Die Susanna Coetzee Huis in Bloemfontein bestaan uit 'n Swangerskap Krisissentrum en die Amor Jeugsorgsentrum. Hierdie fasiliteite fokus op anti-aborsie opleiding, veral by skole.

Die krisissentrum het 'n 24-uur krisisberadingsdiens, terwyl die jeugsorgsentrum minderjarige dogters huisves en versorg wat weens omstandighede nie by hul ouerhuis kan bly nie.

Derdejaar mediese studente wat tans met die Samelewingsdiensleer-module besig is, het die Petunia Hoërskool in Heidedal besoek waar hulle die kinders oor die proses en komplikasies van aborsie ingelig het.



Eerste ry (v.l.n.r.) Onderhoofseun Petunia Hoërskool, Katrien Kruger

Tweede ry: Onderhoofdogter Petunia Hoërskool, Hoofseun Petunia Hoërskool, Christelle Buys, Mnr. Adolf (Hoof van die Departement: Lewensoriëntering)

Derde ry: Dieter Marais, Pieter de Wet, Jadrik Boneschans

## BAANBREKERSNAVORSING VIR DIE BEVORDERING VAN GESONDHEID IN DIE VRYSTAAT

Navorsers van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat is tans besig met 'n uitgebreide navorsingsprojek genaamd AHA-FS (Assuring Health for All in the Free State) in verskeie woonbuurte van Mangaung.

Die navorsing sal bepaal hoe die leefwyse in stedelike en landelike woongebiede die leefstyl van gemeenskappe beïnvloed en so aanleiding gee tot lewenstylsiektes (soos vetsug, diabetes en hartsiektes) sowel as ondervoeding.

Die studie is 'n langtermyn intervensiestudie, waar gemeenskappe elke drie jaar opgevolg sal word vir 'n periode van twaalf jaar.

Prof. Corinna Walsh van die Departement Voeding en Dieetkunde is die projekteier van die navorsingsprojek en werk nou saam met navorsers van die Departemente Basiese Mediese Wetenskappe en Chemiese Patologie binne die Skool van Geneeskunde.

Ses en dertig navorsers en veldwerkers is by die projek betrokke en inligting oor verskeie voedings- en gesondheidsaspekte word versamel. Data oor dieetinname, fisieke aktiwiteit, gesondheid, kennis, praktyke en houding teenoor voeding word onder andere ingesamel.

Mediese ondersoeke, antropometriese metings en verskeie bloedtoetse word tydens die studie gedoen en uitgebreide data van ongeveer 1200 persone sal uiteindelik beskikbaar wees. Die data wat ingesamel word sal gebruik word om intervensieprogramme te beplan om die gesondheidsprobleme in hierdie gemeenskappe te voorkom en aan te spreek.



## 'N NUWE BEGIN...

Vyf derdejaar MBChB-studente het as deel van hul samelewingsdiensleer-module die Chris Hani Buskleuterskool as projek gekies.

Dié kleuterskool is in 2001 deur Lydia Baloti in haar agterplaas in Heidedal begin.

Daar is tans 35 kleuters tussen die ouderdomme van 0 en 5 jaar oud. Lydia verskaf 'n veilige omgewing waarin die kinders fisies, emosioneel en intellektueel voorberei word vir hul Primêre skoolloopbaan.

Harde werk, beplanning asook die verkryging van borge om in die behoeftes van die

kleuterskool te voorsien, het goeie vrugte afgewerp.

Die sinkhuisie wat as klaskamer gedien het, is deur 'n meer stabiele struktuur, wat uit twee vertrekke bestaan, vervang. Skenkings in die vorm van speelgoed asook ander toerusting het bygedra om die nuwe klaskamers in 'n kindervriendelike omgewing te omskep.

Aandag is aan verskeie opvoedkundige aspekte asook die gesondheidsbehoefte van die kinders gegee. Basiese gesondheidsprobleme is geïdentifiseer en aangespreek. 'n Werkswinkel is in same-

werking met studente van Kinderkinetika gehou, en 'n gesoute oud-kleuterskoolleienares het raad gegee oor opvoedkundige aktiwiteite en speletjies vir die ontwikkeling en stimulering van die kinders, en was ook betrokke by die beplanning en uitleg van die nuwe klaskamers.



## INFORMATION CENTRE OFFERS VARIETY OF SERVICES

The Child Information Centre was established as a community service, which is part of the Department of Paediatrics and Child Health at the University of the Free State. The Centre aims to provide information and deliver a service with regard to all the complex and varied aspects surrounding child health and education. This includes providing assistance in the development of all children, either with or without existing developmental problems. A focused effort is made to address the developmental needs of children with Down's syndrome.

A variety of services are offered:

- **INFORMATION, REFERRALS AND ADVICE:**

Advice on the typical development of a baby and child is given, as well as a child evaluation service.

- **TOY LIBRARY:**

This library is able to supply a wide range of appropriate toys. The selection of the play material and appropriate demonstration are done by an occupational therapist. Membership is available at a small fee.

- **DOWN'S SYNDROME:**

Educators currently maintain that a good educational grounding early in life is imperative to a child's development. It is even more important for a child with Down's syndrome to receive the necessary educational support from a very young age in order to overcome developmental barriers.

- **STIMULATION PROGRAMMES:**

The young child under three years should get the help and support that they need for neuro-development, and play and touch stimulation.

- **PARENTAL GUIDANCE:**

Parental guidance and discipline courses are part of the holistic approach of the Bloemfontein Child Information Centre.

**For more information, contact the Child Information Centre**

Tel: 051-4441867/4053292/083375 5058




# EVERY PICTURE TELLS A STORY...

Photos portray the first bone marrow transplant ever to be performed in the Free State.



WARD 9B, 13 OCTOBER 2008



THE FIRST DAY...



A FINAL REASSURANCE



STEM CELL HARVESTING



THE TRANSPLANT



THE END OF THE BEGINNING



Die Skool vir Geneeskunde se jaarlikse Bosberaad het gedurende Februarie te Aldam Estate plaasgevind. Hier poseer Departementshoofde van die Skool vir Geneeskunde/afgevaardigdes asook Fakulteitsbestuur vir 'n formele foto.



## KLEISPEEL BY WILLIAMSVILLE LAERSKOOL

Die Departement Arbeidsterapie het as deel van kliniese veldwerk tydens samelewingsdiens in Springfontein 'n mini-navorsingsprojek onderneem waartydens die effektiwiteit van 'n kleiprogram op die verbetering van handfunksie van Graad 1 leerders by Williamsville Laerskool ondersoek het.



Graad 1 leerders van die Williamsville Laerskool in Springfontein wys trots die klei waarmee hulle gespeel het.



Learners of the Springfontein High School who participated in a recreation project launched by fourth year occupation Students during 2009.

Prof Chris Viljoen, hoof van die afdeling molekuleêre biologie in die departement hematologie en selbiologie, het 'n toekenning van R3 284 000,00 gekry vir navorsing na die bioveiligheid van genetiesgemodifiseerde graanprodukte en die impak daarvan op die omgewing. Die geld is afkomstig vanaf 'n samewerkingsooreenkoms tussen Suid-Afrika en Noorweë oor bioveiligheid van genetiesgemodifiseerde produkte.



### July

- Watch the website for the "fans of the Faculty" newspaper...

### August

- 25/8 - Student Forum
- 27-28 - Faculty of Health Sciences/Astra Zeneca Faculty Forum
- 28/8 - Faculty Forum Gala Dinner

### September

- 17/9 - Cocktail function for Headmasters